

God se wysheid in Openbaring 1-11

Openbaring 1:1-8

16 Augustus 2020

1. Wysheidsaspekte uit Job 28:
 - a. God is die bron van wysheid: Hy het dit vasgestel, deurvors, gesien en vertel.
 - b. Tot die mate wat jy God se wysheid raaksien, tot die mate ontwikkel jy vrees vir God.
 - c. Wysheid is verborge vir die natuurlike mens, en hy ag dit nie na waarde nie.

2. Opsomming van Op 1-11:
 - a. Op 1:1-3 skep die verwagting dat hierdie openbaring kan lei tot wysheid.
 - b. Onderdeel 1: Sewe briewe – verwagtinge van die Seun van die Mens van gemeentes.
 - c. Onderdeel 2: Sewe seëls – God in Sy wysheid as Skepper, Een wat is, was, en kom, Almagtige en 3x Heilige doen wat Hy wil. Hy bewaar die gelowiges te midde van swaarkry in die wêreld, en berei hulle voor vir heerlijkheid.
 - d. Onderdeel 3: Sewe trompette – God waarsku, in Sy wysheid, die ongelowiges deur oordele. Hulle verloor hulle lus vir die lewe en gaan selfs dood, maar die res volhard in dwaasheid en bekeer hulle nie. God konfronteer hulle deur die gelowiges wat saam met die Heilige Gees wysheid aan ongelowiges moet verkondig.

3. Wysheid van God in Openbaring 1-11:
 - a. God is die bron van wysheid – Hy het dit vasgestel, deurvors, gesien en opgeskryf in die boekrol. Hy sál Sy verborge bedoeling met alles bereik.
 - b. God se wysheid is verborge en word nie na waarde ge-ag nie:
 - i. Ondanks ses trompette ignoreer die natuurlike mens dit steeds.
 - ii. Gelowiges het voldoende geopenbaarde wysheid om die wêreld te konfronteer (klein oop boekie).
 - iii. Selfs in gemeentes en in gelowiges is die wysheid steeds onvolmaak
 - c. God in Sy wysheid bereik meer as een doel met dieselfde situasie – seëls 1-4 is nie so verskillend van trompette 1-4 nie.
 - d. God gebruik in Sy wysheid beide die skepping en die Woord as openbarings – gelowiges met toegang tot beide moet met wysheid in die wêreld getuig.
 - e. God werk in wysheid konstruktief na Sy verborge doel – die geskiedenis beweeg konstant nader aan God se verborge doel.
 - f. God beskryf in wysheid ons tyd aan die hand van drie dimensies – gelowiges binne gemeentes (sewe briewe), gelowiges in die wêreld (sewe seëls), ongelowiges in die wêreld (sewe trompette).

4. Toepassing – Covid19 pandemie:
 - a. Pandemie is opgeteken in die boekrol en perspektief daarop in die klein boekie.
 - b. God se wysheid is in die pandemie vasgestel, deurvors, gesien en bekend gemaak:
 - i. Verborge – benodig beide God se algemene en spesifieke openbaring.
 - ii. God bereik verskeidenheid doelwitte gelyktydig.
 - c. God werk konstruktief, in wysheid, deur die pandemie na Sy verborge einddoel.